# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Ek en my huis, ons sal die Here dien!

**Skriflesing:**
Jos 24:1-28 (1983)

**Teksvers:**
Jos 24:14,15,19-21

**Sing:**
Ps 121-1:1,4
Ps 92-1:1,2
Sb 12-3:1-4
Sb 9-2:8,9
Ps 138-1:3,4
Ps 68-1:2
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Josua roep die volk na Sigem, die plek waar God die eerste keer Kanaän aan die volk beloof het Gen 12:6-7. Josua was bekommerd dat die volk weens die heidense invloede van God afvallig sou word. Daarom preek hy en vertel van God se genadige bemoeienis met die volk in die verlede, Jos 24:2-13. Maar Josua stel ook 'n voorbeeld en sê duidelik dat hy en sy huis die Here sal dien. Die volk verseker Josua drie keer dat hulle die Here sal dien. Maar Josua weet lippetaal is nie altyd dadetaal nie, daarom laat hy hierdie versekering van die volk met 'n verbond bevestig.

Ons moet vandag steeds ook die Here kies. Dit moet nie lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word. Kom dit wat jy met jou mond bely en in jou hart glo in jou dade na vore? Is dit sigbaar vir mense tot 'n getuienis?

Die vraag aan elkeen is: Kies jy en jou huis ook om die Here te dien en verwyder jy alles wat in die plek van jou keuse staan? As jy kies om die Here te dien saam met jou huisgesin het jy die regte keuse gemaak.

**SONDAGAAND 18:00**

## Vars soos die dagbreek, mooi soos die maan en rein soos die son

**Skriflesing:**
Hooglied 6:1-13 (2020)

**Teksvers:**
Hooglied 6:10

**HK** Son 22

**Sing:**
Ps 89:1, 14
Ps 8:3, 4
Sb 18-7:3, 9, 10
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Soms kan ons as gelowiges so bedroef word oor die verval van die wêreld en die vernietiging van God se skepping. Ons kan so mismoedig wees oor ons toekoms en lewensvooruitsig.

Soos die Efesiërs kan ons maklik verval om ons eerste liefde te verlaat. Ons vergeet ons belydenis-liefde, daardie tyd toe jy so opgewonde was oor jou geloof dat jy die wêreld wou verander.

Wat beteken dit vir jou om die ewige hemelse erfenis van God te ontvang?




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 48 Nr 40 12 November 2023**


## Gebed is die suurstof van die geloof

**Jak 1:2-8**

Jakobus skryf in hierdie paar verse oor beproewings en die geloof wat die toets moet kan deustaan. Die doel hiervan is dat ons geestelik ryp kan word. Sodoende kan ons leer om te volhard, om aan te hou sonder ophou. Jakobus sê dat as jy dink dat jy verdere wysheid hieroor nodig het, moet jy dit van God bid. Daar is mense wat bid, maar daar gebeur niks nie! Die rede hiervoor, sê Jakobus, is dat hulle verkeerd bid. Verder het Jakobus dit oor mense wat altyd twyfel, altyd onbestendig is, d.w.s. veranderlik, nie blywend nie en wispelturig. So 'n mens, sê Jakobus, sal niks van die Here ontvang nie. Dit gaan hier onder andere oor die manier van bid ook oor die belangrikheid van die gebed vir die Christen. Iemand het dan ook die gebed die suurstof van die geloof genoem.

Gebed is ook die vernaamste deel van dankbaarheid teenoor die Here. Om te bid is om te glo dat God daar is en sal doen wat Hy beloof het.

Die mens kan nie meer in volle oorgawe en ongestoord bid nie. Voor jy gaan slaap, begin jy bid en voor jy die amen uitgespreek het, het jy soms al aan die slaap geraak. God het aan die gelowig die wonderlikste gawe geskenk, naamlik om te kan bid. Iemand anders noem gebed die asemhaling van die siel vir die gelowige.

Die wonderlike van die gebed is dat dit aan geen bepaalde plek gekoppel is nie. Ons kan en mag orals bid: In die kerk, in die huis, in die trein, in die kombuis, in die kantoor, in die motor. Ons kan en mag en moet vir alles bid: ons studies, ons kerk, ons huwelik, ons kinders, ons landsprobleme, ons gesondheidstoestand, werksomtandighede, eensaamheid, ouderdom en gebreke, ja vir alles! Jesus het dikwels vir die dissipels gesê dat hulle in hulle binnekamer moet gaan om te gaan bid.

'n Christen sonder gebed is ondenkbaar. As 'n gewlowige nie meer gereeld en opreg bid nie, is dit die eerste en ernstige krakie in sy geloofslewe. Gebed is daarom die asemhaling van jou geloof, die suurstof vir jou hele lewe. "*Bid gedurig.*" 1 Tes 5:17

(Bron: Askes, H. 1993. Die Ouderling vandag. bl. 113ev)

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Dien die Here met blydskap

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 25 Ps 150:1 Volgende week: Katkisasieafsluiting

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens:**Spesiale kollekte brande in Noord-Kaap**

By die deure: Teol studentekas

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: EVK projekte

***Maandelikse bydraes dmv EFT—Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur* ***bevestigende epos*** *aan admin@gkcenturion.co.za*

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417



## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop 'n okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.

Daar is geen versorgings fasiliteite nie—Bepalings geld op persone ouer as 80 jaar.



Die eenheid wat beskikbaar is bestaan uit :

2 slaapkamers, 2 badkamers, kombuis, eet– en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Beskikbaar vir okkupasie vanaf ongeveer 1 Desember 2023. Die prys is R1 090 000. Die heffing vir 2023 is R1 729 en die vaste munisipale kostes beloop tans R329. Al wat dan nog bykom is die elektrisiteitsgebruik. Aansoekvorms is by die ondergenoemde persone beskikbaar. Aansoeke word deur die bestuur van die Oord oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 27 November 2023**

SUSTERS BESTUUR bied aan:
**1Liter Consol bottels** te koop
@ R35 elk




Skakel asb vir Petro Lourens 082 790 2244

# Senior Aksie

Die Senior Aksie hou hulle afsluitingsete DV

**13 November 2023**

om 12:00

by die **Centurion Hospice**

Ons het gevra vir 'n geskenkie van R20,00 om uit te ruil, maar as u nie daaraan die wil deelneem nie, is dit u keuse.

Ons ontmoet mekaar in die parkeerterrein van die Hospice en gaan dan na die eetkamer.

Ons is dankbaar om die jaar se aktiwiteite gesellig af te sluit.

**K l e i n  a d v e r t e n s i e s :**

Ons by **OPPI STOEP** sal enige funksie graag vir jou wil doen teen 'n billike prys. Kontak Johan Wiegand 082 498 6314.

**PF Wolmarans Prokureurs.** Ek behartig opstel van testamente, Boedelbereddering en registrasie van huis-oordragte. Onthou die verkoper stel die prokureur aan. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Algemene huiskontrakteur** - Waterdigting van huisdakke, verfwerk, plaveisel, teëlwerke, herstel van waterlekke, gasinstalleering, staalwerke, afsaag van bome, water tanks, drukpompe op solar, geyser omskakeling na sonkrag. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Affie Plaas** bied hoë kwaliteit leerskoene en leerprodukte. Ons bied ook 'n skoonmaakdiens om die las in jou huis en kantoor ligter te maak. Magdaleen vd Heever 062 268 2699.

**Shiman Hydroponic kunsmis** 750gr @ R100 beskikbaar by M/sig se tafel. Susan du Plessis 072 124 1076.

**Spesiale kollekte vir brande in die NoordKaap**
**12 Nov** albei die eredienste

Groot gedeeltes van die Noord-Kaap het onder verwoestende veldbrande deurgeloop. Duisende hektare weiding is afgebrand. Baie boere het ook groot hoeveelhede vee in die brande verloor.
Die Deputate Diakonale Sake(DDS) se diensgroep vir Noodtoestande het op Woensdag, 01 November 2023, met die gemeentes in klassis Griekwaland-Wes vergader en navraag gedoen in terme van onmiddellike nood wat dringend aangespreek moet word.
Die DDS het reeds 150 ton Mieliereste aangekoop om die onmiddellike nood aan te spreek. Dit is egter duidelik dat daar nog geweldige groot nood heers en dat daar vir `n geruime tyd hulp benodig gaan word.
Die diakonie van GK Centurion het besluit om **Sondag, 12 Nov** tydens albei die eredienste 'n spesiale kollekte vir die doel te hou .
Bankbesonderhede vir bydraes kan gekry word by sr. Anri Kotzee, sdds@gksa.co.za

## Evangelisasie Oggend!!

**Saterdag 25 Nov om 08:00 (met gratis ontbyt)**

**Die Christen en Lyding –**
**Is jy bereid om te ly vir jou geloof?**

1 Petrus 1:5-6 "*En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word. Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word.*"

- Dr Douw Breed kom met ons gesels oor die lyding wat Christene wêreldwyd ervaar, en wat ook op ons wag.
- Kom hoor van sendelinge wat hulle beywer vir die evangelisasie van nasies tussen Sjina en Israel.
- Daar is 'n wonderlike oplewing van mense in die Midde-Ooste wat hulle bekeer en Jesus begin volg. Kom hoor wat gebeur met die Kerk in Noord-Afrika en die Midde-Ooste.






**RSVP by die Olyfboom na die oggenddiens**



# Verjaasdae
## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12-Nov | Selenta | Hamman | C02 | 6643322 |
| | Huibie | Stavast | C09 | 27825703079 |
| | Bettie | Venter | A17 | 27732013756 |
| 13-Nov | Amanda | Brink | A15 | 27815691530 |
| | Heila | van Wyk | A01 | 27833163781 |
| 14-Nov | Quinten | Bye | C05 | 27845066367 |
| | Willie | Cronje | A02 | 27827372956 |
| | David | Faber | C07 | 27825684827 |
| 15-Nov | Magdaleen | vd Heever | E01 | 27659691443 |
| 16-Nov | Rita | Smaal | A04 | 27832590081 |
| | Nico | vd Westhuizen | C15 | 27767805711 |
| 17-Nov | Louis | Bloemhof | A07 | 27828233612 |
| | Rudy | Kruger | B15 | 27824686035 |
| | Sollie | Nel | B16 | 27834417799 |
| | Laurette | Snyman | A04 | 27829425720 |
| 18-Nov | Hannelie | Herselman | B18 | 27724638584 |
| | Michelle | vd Berg | A05 | 27826402571 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12-Nov | Shanike | Bessinger | B09 | 27827718119 |
| 14-Nov | Christo | van Wyk | B15 | 27766487423 |
| | Kenzy | Vanek | B06 | 27721340327 |

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/ herstelproses.
Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

# Ons gee om vir Mekaar

***"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1***

- **Meelewing** word betuig met:
  - Irene Pelser, Anthony en Antionette Wagner na die afsterwe van Irene se seun, Antionette se broer.
  - Hester Smith en familie na die afsterwe van haar eggenoot Dirk Hotzhausen.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Nagmaal

Die Sakarament van die Heilige Nagmaal word op 26 Nov tydens al drie ons eredienste bedien.

**Nagmaalsete** volg om 12:00. Bring:

- Een slaai per gesin vir gemeenskaplike slaaitafel.
- Eie eetgerei, glase, drinkgoed.
- Stoele. U is welkom om `n gazebo saam te bring.

## Alethea Outreach 11:00

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Passage: Jos 24: 1-28

Rev Gerrit Kruger

# Bybelstudie

**Juventus (18-24)**

Dinsdagaande 19:00

## DIE PRESIDENT KRUGERKINDERHUIS PRETORIA

**'n Gereformeerde Diakonale instansie**

**Is <u>DRINGEND</u> opsoek na vakansie-ouers!** Is u bereid om as vakansie-ouer op te tree vir 'n kind? Aansoeke vir eerskomende Desember-vakansie moet reeds @ 24 November 2023 gedoen word.

Telefoonnommer: (012) 332-1366/7 of versorging@pkkhuis.co.za

## Koningskinders-klerebank

Het jy ekstra klere in jou kas wat nie meer pas nie? Skenk dit asb vir ons klerebank.

Kinderklere vir ouderdomme 6-15jr en enige ander klere is ook welkom!

Ons benodig ook rakke om die klere volgens ouderdomsgroepe uit te pak.

Plaas in houer gemerk klerebank wat by die hoofingang, onder kennisgewingbord staan.

Vir meer inligting kontak:
Helena du Plessis 079 751 1957

---

# KOM SEIL SAAM

*op die tienerseilkamp*

SEIL | SWEM | ROEI
BYBELSTUDIE | SPELETJIES
KAMP | ONTSPAN | RUS

Datum: 7-10 Desember 2023
Plek: Boskop Yacht Club
Kostes: Kinders 3-7 jaar R600 & ander R750

- Kampeergelde R200pp (0-3 jaar kamp gratis)
- Etegelde R400 (3-7jaar) & R550 (8jaar +)
- Vervoerkostes uitgesluit



**Kontak vir verdere reëlings:**
**Ds. Lourens Venter: Sel: 082 529 2330**



## Bybels

Bybels in al die amptelike tale sowel as in Swazi (Eswatini/Swaziland), Chichewa (Malawi), Shona (Zimbabwe), Frans (DRK), en Portugees (Mosambiek) op aanvraag beskikbaar. Grootdruk Afrikaanse Bybels ook beskikbaar.

**Hoe bestel u?** Kontak Esmé van den Berg op 083 381 6428 <u>of</u> skandeer die volgende kode en vul die bestelvorm in:

**Afrikaanse Bybels (2020 Vertaling)**

Beskikbaar by die kerkkantoor teen R100.

*Ek bly altyd naby U,*
*u hand ondersteun my.*
*Ps 63:9*

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**12 Nov**

| | |
|---|---|
| Hester vd Merwe | Blok B |
| Wilmarie Rheeders | Blok B |
| Tarina Human | Blok C |

**19 Nov**

| | |
|---|---|
| Phia Lombaard | Blok B |
| Cecilia Wolmarans | Blok B |
| Tia Grünenfelder | Blok C |



## GELOFTEFEES

16 Desember 2023
09:00—11:00
Gereformeerde Kerk Centurion
Basdenlaan 226, Lyttelton

**GELOFTEDIENS**
Ds. Lourens Venter

**FEESREDE**
Dr. Christo Pretorius, NHKA, Pretoria, Wonderboom-Suid

Ietsie te eet en drink na die afsluiting
Uitsending: stroom.gkcenturion.co.za

---

GKC RUIL VERKOOP
Gereformeerde Kerk Centurion Projektefonds

## Witolifante

Enige items kan onderling in die gemeente geruil of verkoop word teen 'n kommissie vir die gemeente.

Sluit aan by ons Ruil en Verkoop groep deur hierdie skakel te volg:

**https://chat.whatsapp.com/G574OYsYKT1C6i1scsMIoF**